

Saterdag 19 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 37:21-40

Fokusgedeelte: Psalm 37:21-40

Vertrou op die Here, Hy bepaal jou koers

Die mens wat op die Here vertrou, word deur die Here versorg. Iemand wat sy gedagtes by sy werk in diens van God bepaal omdat hy op die Here vertrou, het ook 'n vaste koers.

Of 'n besigheid 'n toekoms het, meet ons aan baie faktore, maar veral aan die finansiële faktor. Aangesien die finansiële faktor so swaar weeg, lyk dit op die oog af of die goddelose 'n goeie toekoms het. Dit lyk so asof hy op koers is, want hy ken net geluk en voorspoed.

Die Gees verhelder egter ons oog met hierdie psalm. Eintlik werk die goddelose sy eie koers uit, maar die uiteinde van hierdie selfgenoegsame koers is ondergang. Vir die goddelose en sy nageslag is daar nie 'n toekoms nie. Jesus Christus sal op die laaste dag elke godloënaar se toekoms afsny.

Daarteenoor word die troue dienaars van die Here se koers word deur God bepaal. Die Heilige Gees skryf die wet op die tafels van die gelowige se hart. Sodoende word die koers van die regverdige verseker. Dit loop uit op 'n toekoms van ewige heerlikheid wat Christus vir ons verdien het. Tog is die heerlikheid nie net ver en net geestelik nie, die Gees laat ons ook stoflike voorspoed geniet, al gebeur dit deur teëspoed heen. Let maar net op die moeite waarmee jy jou daaglikse brood verdien.

Omdat die Here jou koers bepaal, vertrou jy op Hom en bepaal jy jou gedagtes by jou werk in diens van God. En hierdie diens sluit die poging in om die goddeloses te probeer beweeg tot oorgawe aan God, sodat hulle ook 'n vaste koers en toekoms mag hê.

Sing: Psalm 37-1:17, 18, 23, 24

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)